


*Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)*

*Kurrikulum- en assesseringsbeleids-  
verklaring*



**2019**

*Verdere Onderwys en Opleidingsfase  
Graad 10–12*



basic education

Department: Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



**basic education**

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# **KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING GRAAD 10–12**

## **PERDESTUDIE**

Departement van Basiese Onderwys

Strubenstraat 222  
Privaat Sak X895  
Pretoria 0001  
Suid-Afrika  
Tel: +27 12 357 3000  
Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120  
Privaat Sak X9023  
Kaapstad 8000  
Suid-Afrika  
Tel: +27 21 465 1701  
Faks: +27 21 461 8110  
Webwerf: <http://www.education.gov.za>

© 2011 Departement van Basiese Onderwys

**ISBN: 978-1-4315-0578-4**

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution  
Gedruk deur: Staatsdrukkery

## VOORWOORD DEUR DIE MINISTER



Ons nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons pogings oor 'n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikulum op die waardes wat deur die Grondwet (Wet 108 van 1996) geïnspireer is, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar dat die doelstellings van die Grondwet is om:

- die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;
- die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; en
- 'n verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Onderwys en die kurrikulum het 'n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

In 1997 is uitkomsgebaseerde onderwys ingestel om die kurrikulêre verdeeldheid van die verlede reg te stel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir 'n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Die het tot die eerste hersiening van die kurrikulum gelei, naamlik die *Hersiene Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10–12 (2002)*.

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot 'n volgende hersiening in 2009 gelei, en die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Kurrikulumverklaring Graad 10–12* is hersien wat hierdie dokument tot gevolg gehad het.

Sedert 2012 is die twee *Nasionale Kurrikulumverklarings*, vir Graad R–9 en Graad 10–12 onderskeidelik, in 'n enkele dokument vervat, wat voortaan slegs as die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–12 sal bekendstaan. Die *Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad R–12* bou voort op die vorige kurrikulum, maar werk dit by ten einde groter duidelikheid te gee oor wat op 'n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–12* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

- (a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings (KABV) vir alle goedgekeurde vakke wat in hierdie dokument voorkom.
- (b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–12.*
- (c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R–12.*

MEV. ANGIE MOTSHEKGA, LP  
MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS

## INHOUD

**AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDS-  
VERKLARING VIR PERDESTUDIE**

1.1	Agtergrond	2
1.2	Oorsig	2
1.3	Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse kurrikulum	3
1.4	Tydtoekenning	5
1.4.1	Grondslagfase	5
1.4.2	Intermediêre Fase	5
1.4.3	Senior Fase	6
1.4.4	Graad 10–12	6

**AFDELING 2: INLEIDING TOT PERDESTUDIE** 7

2.1	Die doel van Perdestudie	7
2.2	Spesifieke oogmerke van Perdestudie	8
2.3	Loopbaangeleenthede in Perdestudie	8

**AFDELING 3: OORSIG VAN INHOUD** 9

Onderwerp 1:	Perdevoeding	9
Onderwerp 2:	Perde-anatomie en -fisiologie	9
Onderwerp 3:	Perdegesondheidsorg	9
Onderwerp 4:	Perdestalwerfbestuur en –gedrag	10
Onderwerp 5A:	Perdrykuns	10
Onderwerp 5B:	Perdkunde	10

**AFDELING 4: ASSESSERING IN PERDESTUDIE** 11

<b>A.</b>	<b>Assesseringsmetodes: Graad 12</b>	<b>11</b>
<b>B.</b>	<b>Vereistes van Assessering: Graad 12</b>	<b>11</b>
1.	Eksamen	11
2.	Skoolgebaseerde assessering (SGA)	12
<b>C.</b>	<b>Interpretasie van vereistes</b>	<b>13</b>
1.	Eksamen	13
2.	Die assesseringsillabus	14
3.	Skoolgebaseerde assessering	14
<b>D.</b>	<b>Administratiewe dokumente en bylaes</b>	<b>29</b>
1.	Administratiewe dokumentasie vir SGA	
1.1	Onderwyser se SGA-lêer dekblad	30
1.2	Kandidaat se SGA-lêer dekblad	31
1.3	Onderwyser se rekord van SGA-punte	32
1.4	SGA-rangordelys	33
1.5	Streeks- en nasionale modereringsinstrument	34
1.6	Finale modereringsterugvoeringsvorm na IEB	36
1.7	Voorbeeld van Brief van Egtheid	37
1.8	Voorbeeld van Verklaring van Weglatings	38
2.	Bylae	
2.1	Bylaag A: Voorbeeld van ontwerpatriks	39
2.2	Bylaag B: Bloom se taksonomie van kognitiewe eise	40
2.3	Bylaag C: Perderuiterkompetisiedissiplines	41
2.4	Bylaag D: Perdrykuns se logboekrekord	42
2.5	Bylaag E: Perdkunde se logboekrekord	43
2.6	Bylaag F: Perdkunde – voorgestelde templaet projekvoorstel	44

## AFDELING 1

### INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING VIR PERDESTUDIE GRAAD 10 – 12

#### 1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 12 (NKV)* bepaal beleid oor kurrikulum en assessering in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en het die wysigings in Januarie 2012 in werking getree. 'n Enkele omvattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsdokument is vir elke vak ontwikkel om die Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R – 12 te vervang.

#### 1.2 Oorsig

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en behels die volgende:
- (i) *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir elke goedgekeurde vak,*
  - (ii) *Die beleidsdokument, Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R 1 – 12, en*
  - (iii) *Die beleidsdokument, Nasionale Protokol vir Assessering Graad R – 12 (Januarie 2012).*
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 12 (Januarie 2012)* vervang die twee huidige nasionale kurrikulumverklarings, naamlik:
- (i) *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 9, Staatskoerant, no. 23406 van 31 Mei 2002, en*
  - (ii) *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 Staatskoerant, no. 25545 van 6 Oktober 2003 en no. 27594 van 17 Mei 2005.*
- (c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, wat in subparagraaf b(i) en (ii) vervat is, bestaan uit die volgende dokumente wat inkrementeel gedurende die tydperk van 2012 – 2014 deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 12 (Januarie 2012)* herroep sal word:
- (i) *Die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R – 9 en Graad 10 – 12,*
  - (ii) *Die beleidsdokument, Nasionale Beleid oor Assessering en Kwalifikasies vir Skole in die Algemene Onderwys- en opleidingsfase, gepromulgeer in Goewermentskennisgewing no. 124, in die Staatskoerant no. 29626 van Februarie 2007,*
  - (iii) *Die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR), gepromulgeer in die Staatskoerant no. 27819 van 20 Julie 2005, en*

- (iv) *Die beleidsdokument, 'n bylae tot die beleidsdokument, Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR), met betrekking tot leerders met spesiale behoeftes, gepubliseer in Staatskoerant no. 29466 van 11 Desember 2006, is by die beleidsdokument, Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 12 geïnkorporeer.*
- (v) *Die beleidsdokument, 'n bylae tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR), met betrekking tot die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R – 12), gepromulgeer in Goewermentskennisgewing no. 1267 in Staatskoerant no. 29467 van 11 Desember 2006.*
- (d) Die beleidsdokument, *Nasionale Beleid oor Program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 12*, en die afdelings oor die Kurrikulum- en Assesseringsbeleid wat in hoofstuk 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat is, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 12*. Dit sal dus, ingevolge artikel 6A van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet no. 84 van 1996)* die grondslag vir die Minister van Basiese Onderwys vorm om die minimum uitkomstende standaarde, en ook die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie te bepaal om op openbare en onafhanklike skole van toepassing te wees

### 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse kurrikulum

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes in Suid-Afrikaanse skole wat die moeite werd is om te leer. Hierdie kurrikulum wil verseker dat kinders kennis en vaardighede leer en toepas op maniere wat sinvol vir hul lewens is. In hierdie opsig bevorder die kurrikulum kennis in plaaslike kontekste, terwyl dit ook sensitief vir wêreldwye imperatiewe is.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 12* het die volgende oogmerke:
- Om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese vermoë of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat vir selfvervulling en sinvolle deelname aan die samelewing as burgers van 'n vry land nodig is.
  - Om toegang tot hoër onderwys te verskaf.
  - Om die oorgang van leerders van onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer.
  - Om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se bevoegdhede te verskaf.
- (c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 12* is op die volgende beginsels gegrond:
- Maatskaplike transformasie: wat verseker dat die onderwysongelykhede van die verlede reggestel word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking verskaf word.
  - Aktiewe en kritiese leer: wat 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer volg, eerder as papegaaiwerk en onkritiese leer van gegewe waarhede.

## PERDESTUDIE GRAAD 10–12

- Hoë kennis en hoë vaardighede: die minimum standarde van kennis en vaardighede wat in elke graad bereik word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standarde in alle vakke.
  - Vordering: inhoud en konteks van elke graad toon vordering van eenvoudig tot kompleks.
  - Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en maatskaplike geregtigheid: wat die beginsels en praktyke van maatskaplike en omgewingsgeregtigheid en menseregte, omskryf in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, deurdring. Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–12* is sensitief vir kwessies van diversiteit, soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, onvermoë en ander faktore.
  - Waardering vir inheemse kennissisteme: om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenis van hierdie land as belangrike bydraende faktore om die waardes wat in die Grondwet vervat is, te koester.
  - Geloofwaardigheid, gehalte en doeltreffendheid: om onderwys te verskaf, wat vergelykbaar is met betrekking tot gehalte, omvang en diepte van ander lande.
- (d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–12* het ten doel dat leerders in staat sal wees om:
- probleme te identifiseer en besluite te neem deur kritiese en kreatiewe denke te gebruik;
  - effektief as individue en saam met ander lede as 'n span te werk;
  - hulleself en hul aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend te organiseer en bestuur;
  - inligting in te samel, ontleed, organiseer en krities te evalueer;
  - doeltreffend op verskillende wyses deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede te kommunikeer;
  - wetenskap en tegnologie doeltreffend te gebruik en krities verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
  - 'n begrip van die wêreld as 'n stel verwante stelsels te toon deur te besef dat probleemoplossingskontekste nie in isolasie bestaan nie.
- (e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van die organisering, beplanning en onderrig by elke skool te wees. Dit kan net gebeur indien alle onderwysers 'n deeglike begrip het van hoe om hindernisse tot leer te herken en aan te pak, en hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot inklusiwiteit is om te verseker dat struikelblokke geïdentifiseer word en dat al die tersaaklike ondersteuningstrukture in die skoolgemeenskap, onderwysers, distriksgebaseerde ondersteuningspanne, ondersteuningspanne op institusionele vlak, ouers en spesiale skole wat as hulpbronsentra kan dien daaraan aandag gee. Om hindernisse in die klaskamer te hanteer, moet onderwysers verskillende kurrikulumdifferensiasiestrategieë gebruik, soos dié wat by die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderwys en Leer* (2010) ingesluit is.



## 1.4 Tydtoekenning

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd in die Grondslagfase is soos volg:

VAK	GRAAD R (URE)	GRAAD 1 – 2 (URE)	GRAAD 3 (URE)
Huistaal	10	8/7	8/7
Eerste Addisionele Taal		2/3	3/4
Wiskunde	7	7	7
Lewensvaardighede	<b>6</b>	<b>6</b>	<b>7</b>
• Aanvangskennis	(1)	(1)	(2)
• Kreatiewe Kunste	(2)	(2)	(2)
• Liggaamlike Opvoeding	(2)	(2)	(2)
• Persoonlike en Maatskaplike Welstand	(1)	(1)	(1)
<b>TOTAAL</b>	<b>23</b>	<b>23</b>	<b>25</b>

(b) Onderrigtyd vir graad R, 1 en 2 is 23 uur en vir graad 3 is dit 25 uur.

(c) Tien ure word vir tale in graad R tot 2 en 11 ure in graad 3 toegeken. 'n Maksimum van agt ure en 'n minimum van sewe ure word vir Huistaal en 'n minimum van twee ure en maksimum van drie ure vir Addisionele Taal in graad 1 en 2 toegeken. In graad 3 word 'n maksimum van agt ure en 'n minimum van sewe ure vir Huistaal toegeken en 'n minimum van drie ure en 'n maksimum van vier ure vir Eerste Addisionele Taal.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in graad R tot 2 een uur en twee ure vir graad 3 (aantal ure word in die tabel tussen hakies aangedui).

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderrigtyd in die Intermediêre Fases is soos volg:

VAK	URE
Huistaal	6
Eerste Addisionele Taal	5
Wiskunde	6
Natuurwetenskappe en Tegnologie	3,5
Sosiale Wetenskappe	3
Lewensvaardighede	4
Kreatiewe Kunste	(1,5)
Liggaamlike Opvoeding	(1)
Persoonlike en Maatskaplike Welstand	(1,5)
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

## PERDESTUDIE GRAAD 10–12

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

VAK	URE
Huistaal	5
Eerste Addisionele Taal	4
Wiskunde	4,5
Natuurwetenskappe	3
Sosiale Wetenskappe	3
Tegnologie	2
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	2
Lewensoriëntering	2
Kreatiewe Kunste	2
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

### 1.4.4 Graad 10 – 12

(a) Die onderrigtyd in graad 10 tot 12 is soos volg:

VAK	TYDTOEKENNING PER WEEK (URE)
Huistaal	4.5
Eerste Addisionele Taal	4.5
Wiskunde	4.5
Lewensoriëntering	2
'n Minimum van enige drie vakke wat in <b>Groep B</b> gekies is, <u>Bylaag B, Tabel B1 tot B8</u> van die beleidsdokument, <i>Nasionale beleid met betrekking tot program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 12</i> , onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in paragraaf 28 van genoemde beleidsdokument.	<b>12 (3 x 4 u)</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

Die toegekende tyd per week kan slegs vir die minimum vereiste NKV-vakke, wat hierbo gespesifiseer is, gebruik word en mag nie vir enige addisionele vakke wat by die lys van minimum vakke gevoeg word, gebruik word nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil neem, moet addisionele tyd vir die aanbieding van hierdie vakke toegeken word.

## AFDELING 2

### INLEIDING TOT PERDESTUDIE

#### 2.1 DIE DOEL VAN PERDESTUDIE

Perdestudie is die studie van die perd as 'n lewende organisme en ook sy verhouding met die samelewing. Perdestudie kombineer teorie en die praktyk om leerders is staat te stel om spesifieke beginsels toe te pas wanneer met 'n verskeidenheid kontekste gewerk word en vir verskillende doeleindes wat ekonomiese, estetiese, maatskaplike en/of kulturele waarde het.

Perdestudie sal leerders toerus met die vaardighede en kennis van perdeversorging en -bestuur volgens internasionaal aanvaarde standaarde en sal leerders bekendstel aan die diverse perde- en perderuiterbedryf in Suid-Afrika.

Perdestudie bestaan uit die volgende:

- **Bestuursvaardighede**  
Kennis en vaardighede rakende die beplanning, organisering, leiding, beheer en evaluering van die versorgings- en produksiefaktore ten einde volhoubare perde- en perderuiterondernemings te bereik.
- **Entrepreneursvaardighede**  
Om entrepreneursvaardighede van toepassing op die perdebedryf aan die volgende geslag perde- en perderuiterpraktisyns oor te dra.
- **Perdeproduksie**  
Genetiese perdehulpbronne; teling, spesifieke voeding en beplanning van rantsoene; perdgeondheid en -welstand; produksiestelsels; produksiefasiliteite; risikobestuur; en finansiële aspekte.
- **Wetenskaplike ondersoek en probleemoplossingsvaardighede**  
Perdestudie stel die leerders bekend aan die noodsaaklike vaardighede, kunste en tegnieke van basiese wetenskaplike navorsing. Die vaardighede wat leerders in Perdestudie ontwikkel en gebruik stel hulle in staat om probleme op te los, krities te dink, besluite te neem, antwoorde te vind en hul nuuskierigheid te bevredig. Dit is die fokus van leer- en assesseringsaktiwiteite in die klaskamer. Hierdie vaardighede kan nie in isolasie ontwikkel word nie. Hulle word die beste ontwikkel in die konteks van 'n groeiende raamwerk van kennis. Leerders is aan sommige van hierdie vaardighede in Natuurwetenskappe in die Algemene Onderwys- en Opleidingsband bekendgestel, maar hierdie vaardighede moet verder ontwikkel word. Daarbenewens moet nuwe vaardighede ontwikkel word.

Die volgende begrippe is in Perdestudie vasgelê:

- Die perd is 'n lewende organisme wat versorging en bestuur nodig het
- Diere-regte ingevolge Suid-Afrikaanse wetgewing is op die perd van toepassing
- Die perd het 'n historiese verband met die mens en samelewing, is deur die samelewing beïnvloed en het op sy beurt die ontwikkeling van die samelewing beïnvloed.

Perdestudie moet die historiese konteks van die perdebedryf in Suid-Afrika en die noodsaaklikheid van volhoubare perde-aktiwiteite en billikheid in aanmerking neem. Die vak Perdestudie is deel van die breër konteks van transformerende wetgewing en beleide soos die wat met die omgewing, arbeid, sport en rekreasie, landbou en ander tersaaklike bepalings verband hou.

### 2.2 DIE SPESIFIEKE OOGMERKE VAN PERDESTUDIE

Perdestudie beoog om leerders te onderrig en voorberei om:

- die maatskaplike bydrae van die vak Perdestudie te verstaan met betrekking tot die bevordering van 'n kultuur van menseregte, volhoubaarheid van ekonomiese groei as 'n werktuig vir verandering, om lewensgehalte te verbeter en oplossings te verskaf wat op individuele en gemeenskapsbehoefte reageer;
- 'n positiewe gesindheid teenoor 'n landelike leefstyl wat met perde-aktiwiteite oor die algemeen gepaardgaan, te kweek;
- leerders insig te gee in die bestuur van 'n perde-onderneming en vertrouwd te wees met die dissipline van 'n goed georganiseerde perde-/perderuiterstalwerf;
- aktiwiteite verantwoordelik te organiseer en bestuur, en inligting doeltreffend in te samel, ontleed, krities te evalueer en aanbied;
- blootgestel te word aan tegnieke en vaardighede met betrekking tot die versorging, bestuur en ry van perde;
- doeltreffend te kommunikeer deur middel van verbale, skriftelike, visuele, grafiese, elektroniese kommunikasie en wiskundige vaardighede wat op Perdestudie toegepas word;
- bevoegde, ingeligte en verantwoordelike burgers (kennis en vaardighede) te wees op die gebied van Lewenswetenskappe (terwyl die hulpbronne bestuur word), omgee vir die omgewing (gesindhede en waardes) deur aan inheemse kennis en maatskaplike kwessies aandag te skenk;
- onder andere kreatief en krities in 'n perde- en perderuiteromgewing te dink, en om entrepreneursvaardighede te ontwikkel en verhoog;
- probleme te identifiseer en op te los deur blootstelling aan die perd- en perderuiteromgewing;
- na die omgewing om te sien deur die bestuur van natuurlike hulpbronne en aanvaarbare van menslike behandeling van perde;
- toepaslike tegnologie in die perde- of perderuiterbedryf te verkry en benut; en
- toegang te hê tot en lewenslange leer en waarde daaraan te heg, en ook toegang te hê tot 'n verskeidenheid van moontlike loopbaangeleenthede in die perde- en perderuiterbedryf.

Deur Perdestudie kan leerders 'n begrip ontwikkel van die onderlinge verband van wetenskap, tegnologie, inheemse kennis, die omgewing en samelewing. 'n Studie van begrippe en prosesse in Perdestudie gebruik bydraes van die verlede om die hede te vorm en bevorder dus die samestelling van nuwe kennis. Om inheemse kennisstelsels wat met perde en wetenskap verband hou, te verken, stel leerders bloot aan verskillende wêreldsienings en stel hulle in staat om verskillende wetenskaplike perspektiewe te waardeer, vergelyk en evalueer.

### 2.3 LOOPBAANGELEENTHEDE IN PERDESTUDIE

Die vak maak die poort na die werkswêreld oop deur leerders toe te rus met die kennis, vaardighede, gesindhede en waardes wat nodig is in die perde- en perderuiterbedryf:

- Perdeteelt-ondernemings
- Perderuitersport
- Perdewedrenne
- Perdegeseondheidsorg
- Perdevervoer
- Perdevoeding
- Perderuiter-toerisme
- Perderuitersekuriteit en -wetstoepassing
- Perderuitergeleentheidsbestuur
- Vervaardiging van perde-/perderuiteroerusting
- Perdewelstand
- Perde-/perderuiteropvoedingsdienste

## AFDELING 3

## OORSIG VAN INHOUD

	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Onderwerp 1 Perdevoeding	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Spysvertering</li> <li>• Om die perd te voer</li> <li>• Toestande van die maagdermstelsel</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Spysvertering</li> <li>• Om die perd te voer</li> <li>• Toestande van die maagdermstelsel</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Spysvertering</li> <li>• Om die perd te voer</li> <li>• Toestande van die maagdermstelsel</li> </ul>
Onderwerp 2 Perde-anatomie en -fisiologie	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Eksterne struktuur</li> <li>• Konformasie</li> <li>• Funksionele stelsels:               <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Skeletstelsel</li> <li>2. Spierstelsel</li> <li>3. Kardiovaskulêre stelsel</li> <li>4. Asemhalingstelsel</li> <li>5. Senu- en endokriene stelsel</li> <li>6. Voortplanting</li> </ol> </li> <li>• Die perdepoot</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Eksterne struktuur</li> <li>• Konformasie</li> <li>• Funksionele stelsels:               <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Skeletstelsel</li> <li>2. Spierstelsel</li> <li>3. Kardiovaskulêre stelsel</li> <li>4. Asemhalingstelsel</li> <li>5. Senu- en endokriene stelsel</li> <li>7. Urogenitale stelsel</li> <li>8. Voortplanting</li> </ol> </li> <li>• Die perdepoot</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Eksterne struktuur</li> <li>• Konformasie</li> <li>• Funksionele stelsels:               <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Skeletstelsel</li> <li>2. Spierstelsel</li> <li>3. Kardiovaskulêre stelsel</li> <li>4. Asemhalingstelsel</li> <li>5. Senu- en endokriene stelsel</li> <li>6. Voortplanting</li> </ol> </li> <li>• Die perdepoot</li> </ul>
Onderwerp 3 Perdegesondheid- sorg	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geskiedenis van die perd se ontwikkeling</li> <li>• Algemene siektes</li> <li>• Noodhulp vir perde</li> <li>• Mankheid</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Parasiete</li> <li>• Algemene siektes</li> <li>• Welstand</li> <li>• Noodhulp vir perde</li> <li>• Kastrasie</li> <li>• Mankheid</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Tandformasie</li> <li>• Parasiete</li> <li>• Algemene siektes</li> <li>• Noodhulp vir perde</li> <li>• Mankheid</li> <li>• Voortplanting</li> </ul>

## PERDESTUDIE GRAAD 10–12

	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Onderwerp 4 Perdestalwerf- bestuur en -gedrag	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Roskam en voorkoms</li> <li>• Komberse en stewels</li> <li>• Tuig</li> <li>• Werfbestuur/daaglikse roetine</li> <li>• Risikobestuur</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lons</li> <li>• Gevorderde tuig</li> <li>• Stalgebreke</li> <li>• Perdesielkunde</li> <li>• Om 'n stalwerf te bestuur</li> <li>• Risikobestuur</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Reis en vragmotorvervoer</li> <li>• Weidingsbestuur</li> </ul>
Onderwerp 5A Perdrykuns	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Perd opsaal</li> <li>• Op- en afklim</li> <li>• Ry met 'n driepas</li> <li>• Om buite afgekampde gebied te ry</li> <li>• Padveiligheid</li> <li>• Hou 'n logboek van persoonlike ritte</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voltooi 'n gekose dissipline op beginnersvlak</li> <li>• Hou 'n logboek van kompetisies op beginnersvlak</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voltooi 'n gekose dissipline op 'n vlak hoër as beginner</li> <li>• Hou 'n logboek van kompetisies op 'n vlak hoër as beginner</li> <li>• Ry 'n onbekende perd op die gelykte/vlakte</li> </ul>
Onderwerp 5B Perdkunde	Niery- praktiese projek Stel 'n Portefeulje van Bewys/visuele dagboek saam en logboek van aktiwiteite wat 'n totaal van 160 ure behels	Niery- praktiese projek Stel 'n Portefeulje van Bewys/visuele dagboek saam en logboek van aktiwiteite wat 'n totaal van 160 ure behels	Niery- praktiese projek vervolg Stel 'n Portefeulje van Bewys/visuele dagboek saam en logboek van aktiwiteite wat 'n totaal van 160 ure behels

## AFDELING 4

### ASSESSERING IN PERDESTUDIE

#### A. ASSESSERINGSMETODES

##### Graad 12

Vraestel 1 Teorie	3 ure	[200]
Vraestel 2 Praktikum (óf Ry- óf Niery-opsie)		[100]
Skoolgebaseerde assessering		[100]

**400 punte**

#### B. VEREISTES VAN ASSESSERING

##### 1. EKSAMEN

Teorie-vraestel	Perdestudie					
<b>Tyd:</b>	3 ure			Totale punte: 200		
<b>Struktuur van die vraestel:</b>	Assesseer fundamentele begrip van die rol van perdevoeding; -anatomie, -fisiologie, -gesondheidsorg, -gedrag- en stalwerfbestuur vir die welstand en prestasie van 'n perd. Die vraestel bestaan uit drie afdelings: Afdeling A: Kort vrae 70 punte Afdeling B: Langerantwoordtipe vrae 100 punte Afdeling C: Gevallestudie 30 punte Alle vrae is verpligtend					
<b>Gewigswaarde van kognitiewe vlakke:</b>	60%			40%		
	30% Kennis	20% Begrip	10% Toepassing	10% Analise	15% Sintese	15% Evaluasie

Praktiese vraestel	Perdrykuns (ry-opsie)					
<b>Tyd:</b>	3 ure			Totale punte: 100		
<b>Struktuur van die vraestel:</b>	Assesseer praktiese ryvaardigheid op 'n onbekende perd en 'n praktiese ry-demonstrasie van die gekose kompetisiedisipliene. Assesseer mondeling die vereistes van perdeversorging en -bestuur vir die kompetisieperd en -ruiter.  'n Rytoets sal geassesseer word vir bevoegdheid op 'n onbekende perd wat loop, draf en galop, verandering van gang en laterale bewegings en 'n demonstrasie op 'n onbekende perd van 'n kompetisiedisipliene. Ses mondelinge vrae word oor die tuig, voeding, afrigting en gesondheid met betrekking tot die kompetisieperd gevra. Die ruiter dien 'n kompetisieloggboek in van byeenkomste waaraan deelgeneem is in die vorm van óf gedrukte logrekords óf DVD-bewys.					

<b>Praktiese vraestel</b>	<b>Perdkunde (niery-opsie)</b>	
<b>Tyd:</b>	1 uur 30 minute	Totale punte: 100
<b>Struktuur van die vraestel:</b>	<p>Assesseer die vermoë om kennis van die kompleksiteit van perdeversorging en -bestuur van een niery-beroep in die perdebedryf te verstaan en toe te pas.</p> <p>'n Formele, mondelinge aanbieding van die niery- praktiese projek sal geassesseer word. Die aanbieding moet 'n motivering vir beroepskeuse-onderwerp insluit; die oogmerk(e) van die projek; navorsingbevindings; praktiese aktiwiteite onderneem; aanbevelings en nabetragtings. Ondersteunende dokumentasie moet voorsien word in die vorm van 'n Portefeulje van Bewys/visuele dagboek, insluitend 'n voltooide logboek van 160 uur en alle voltooide assesseringsinstrumente.</p>	

## 2. SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING (SGA)

Die volgende SGA-items moet almal individueel deur leerders gedoen word. Elke taak moet oor 'n ander onderwerp handel.

<b>SGA-item</b>	<b>Gewigswaarde</b>
Rekordeksamen	25%
Beheerde toets 1	15%
Beheerde toets 2	15%
Navorsingstaak	20%
Gevallestudie	15%
Praktiese taak	10%
<b>TOTAAL</b>	<b>100</b>



## C. INTERPRETASIE VAN VEREISTES

### 1. EKSAMEN

#### 1.1 Praktikum: Perdrykuns (ry)

Leerders moet:

- doeltreffende hanterings- en veiligheidstegniese demonstreer wanneer 'n perd in die stal opgesaal word; opklim; stiebeuels verander; en afklim;
- praktiese rit op 'n onbekende perd demonstreer deur basiese skoolbewegings op die gelykte, insluitend been-meegee en skouer-na-binne;
- op hul eie of 'n bekende perd ry by leerder se kompetisiedisipliene op 'n vlak hoër as beginner ry tydens gesimuleerde kompetisievereistes. Byvoorbeeld: dressageruiters sal versoek word om die elementêre dressagetoetsnommer 1 te ry; skouruiters sal 'n gimnastiekbaan en 'n baan van skouspring op 'n hoogte van 1 m spring; platwedrenjokkies sal op die Equicise™ geassesseer word en aan die eksaminator oor hul rit gedurende 'n amptelike perdedwedren verslag doen; uithouruiters sal deur middel van videobewys van hul voorbereiding vir 'n rit by 'n goedgekeurde byeenkoms geassesseer word;
- praktiese vrae mondeling beantwoord oor onderwerpe wat met die tuie, voeding, afrigting en gesondheidsorg van die kompetisieperd verband hou;
- 'n rit-logboek van hul deelname aan minstens vier kompetisies in hul gekose dissipline in hul graad 12-jaar hou. Hierdie rekords moet deur die toesighouer/mentor of dissiplinesekretaris en die leerder onderteken word en deur die onderwyser gestaaf word.

#### 1.2 Praktikum: Perdkunde (niery)

Leerders moet:

- een niery-beroep in die perdebedryf kies, soos perdedewestand, komplementêre gesondheidsorg, voeding, veeartsenykunde en paraveeartsenykunde, stalwerfbestuur, tandheelkunde, hoefsmedery of teling.
- 'n praktiese projek in die voorkeurberoep voltooi, wat aktiwiteite van 160 ure beloop. Die aktiwiteite moet sekondêre navorsing insluit (via boeke, tydskrifte, Internet, ens.), primêre navorsing (via waarnemings, onderhoude, ondersoeke, ens.), praktiese aktiwiteite in werklike opset wat onder toesighouding verrig word, en nabetracting oor ervarings en eie werkverrigting. Indien die skool nie die geskikte fasiliteite vir hierdie aktiwiteite het nie, moet nabygeleë fasiliteite geïdentifiseer en gebruik word om die Projek af te handel. Die leerders moet saam met praktisyns werk wat by 'n beroepsdiggaam geregistreer is vir hul voorkeurberoep.
- 'n projekvoorstel teen die einde van Oktober van hulle graad 11-jaar aan die interne moderator vir goedkeuring voorlê (verwys na Bylaag F).
- 'n Portefeulje van Bewys / visuele dagboek voorlê wat bewys van alle aktiwiteite behels, insluitend 'n logjoernaalrekord vir die 160 uur (verwys na Bylaag E), foto's en/of videomateriaal, en alle voltooide assesseringsinstrumente. Die ure wat aangeteken is sluit die tyd in wat gebruik word om take onder toesig te verrig, inligting in te samel, te verwerk, en voor te lê, en vir nabetracting.
- 'n formele mondelingse voorlegging aan die onderwyser en interne moderator uit te voer d.m.v. PowerPoint en/of DVD. Die voorlegging

## PERDESTUDIE GRAAD 10–12

moet 'n motivering vir die voorkeurberoep, die oogmerk(e) van die projek; navorsingsbevindings; praktiese aktiwiteite wat onderneem is, aanbevelings en self-nabetrugting insluit.

- vrae mondelings antwoord tydens en/of na afloop van die voorlegging.

Die assessering van die aktiwiteite moet toepaslike en omvattende kontrolelyste, memoranda en rubrieke insluit. Die gebruik van eksterne assessore/toesighouers moet deur die onderwyser goedgekeur word wat verifiëring op die perseel moet doen.

Die rol wat die onderwyser, die leerder, die skool en die professionele praktisyns in die projek gespeel het, moet duidelik uitgelig word en toepaslike toestemmings moet onderteken word, waar van toepassing.

### 2. DIE ASSESSERINGSILLABUS

Die doel van hierdie assesseringsillabus is om IEB-onderwysers te help om 'n algemene begrip van die omvang van die onderwerpe te kry en skole te ondersteun om hul onderrig-, leer- en assesseringsprogramme konsekwent te beplan, en ook om die vereistes vir die IEB-eksamen en SGA-vereistes vir graad 12 eksplisiet vir onderwysers, assessore en moderators te maak.

Die dokument is nie bedoel om 'n onderrigillabus te wees nie. Individuele onderwysers en skole word nie beperk tot die inhoud van die assesseringsillabus nie; dit staan hulle vry om hierop in hul kurrikulumaanbieding uit te brei. Die onderrig- en leerprogram moet ryk, stimulerend en uitdagend wees, terwyl assessering op die assesseringsvereistes van die vak fokus, in sy bydrae tot die kwalifikasie.

**Die graad 10 en 11 assesseringsillabusse word ter inligting en leiding ingesluit, maar slegs die graad 12-assesseringsillabus is verpligtend. Perdestudie is egter 'n DRIEjaarkursus en daarom moet leerders 'n begrip van alle terminologie en begrippe van vorige grade hê, aangesien dit die grondslag van werk in die volgende graad/grade word.**

Die assesseringsillabus bestaan uit die volgende onderwerpe. Onderwerp 1 tot 4 is verpligtend. Leerders kies óf Onderwerp 5A óf 5B.

1. Perdevoeding
2. Perde-anatomie en -fisiologie
3. Perdegesondheidsorg
4. Perdestalwerfbestuur
5. A. Perdrykuns (Ry)  
OF  
B. Perdkunde (Nie-ry)

Die assesseringsillabus volg die SGA-vereistes.

### 3. SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING

#### 3.1 Rekordeksamen/Proefvraestel (25 punte uit 100)

Hierdie komponent moet uit die laaste groot summatiewe assessering kom, wat voor die NSS-eindeksamentydperk moet plaasvind. Die eksamen moet presies dieselfde as die eksterne eksamen wees wat ontwerp, moeilikheidsgraad en formaat betref.

### 3.2 **Beheerde toetse (twee toetse: elk tel 15 uit 100)**

Beheerde toetse word deur die hele graad geskryf (verkieslik op dieselfde tyd). Hierdie toetse moet minstens 50 punte elk tel en moet een onderwerp diepgaande of verskillende onderwerpe assesser. 60% van die punte moet met laerordedenkvaardighede (kennis, begrip en toepassing) verband hou en 40% met hoërordedenkvaardighede (analise, sintese en evaluasie).

### 3.3 **Take**

Alle take moet individueel deur leerders gedoen word en elke taak moet oor 'n ander onderwerp in Perdestudie handel.

#### (i) **Navorsingstaak (20 punte uit 100)**

Hierdie taak behels die insameling, verwerking en aanbieding van inligting met betrekking tot 'n onderwerp of navorsingsvraag gekies uit onderwerp 1 tot 4. Die navorsing kan primêr of sekondêr of gemeng wees. Primêre navorsing behels dat die leerders hul eie data insamel deur middel van eksperimente, waarnemings, vraelyste of onderhoude; dat hulle hul data ontleed en interpreteer; en hul bevindings bespreek. Sekondêre data behels dat leerders die bevindings van ander ontleed en bespreek. Gemengde navorsing bestaan uit 'n kombinasie van primêre en sekondêre navorsing. Die bevindings kan in die vorm van 'n skriftelike of mondelinge verslag aangebied word. Onderwysers moet waaksaam wees rakende plagiaat en oplet na korrekte verwysingsmetodes. Onderwysers moet die proses wat deur leerders onderneem word en ook die finale verslag assesser.

#### (ii) **Gevallestudie (15 punte elk uit 100)**

Hierdie taak behels die studie van 'n gepubliseerde werklike situasie met betrekking tot perde. Leerders moet die gevallestudie wat verskaf is, ontleed en hul interpretasies en oplossings aanbied, ondersteun deur beredenering en aannames. Die taak moet onder beheerde toestande gedoen word, in óf een óf twee lesse en minstens 50 punte tel.

#### (iii) **Praktiese taak (10 punte elk uit 100)**

Hierdie taak moet 'n praktiese aktiwiteit wees wat in 'n werklike omgewing voltooi word. Dit moet deur die onderwyser opgestel word en onder beheerde omstandighede terselfdertyd deur al die leerders voltooi word. Dit mag nie 'n aktiwiteit wees wat as deel van die vereistes vir die ry- en niery-opsies (5A of 5B) uitgevoer word nie. Indien die skool nie die geskikte fasiliteite het nie, moet nabygeleë fasiliteite geïdentifiseer en gebruik word om die aktiwiteit te voltooi.

Die assessering van die aktiwiteit moet toepaslike instrumente insluit, bv. Kontrolelys, memorandum, of rubriek.

### **Moderering op skoolvlak**

Daar word aanvaar dat moderering van die assesseringsproses op skoolvlak plaasgevind het, ten einde te verseker dat assessering geldig, regverdig en betroubaar is. Dit sluit moderering van assessering in voordat dit deur die leerders gedoen word, moderering van die nasien van die leerder se bewys deur die onderwyser/assessor en nagaan van die berekening van die leerder se uitslae. Bewys dat dit plaasgevind het, moet by die onderwyser en ook die leerder se lêer ingesluit word.

## PERDESTUDIE: ASSESSERINGSILLABUS

ONDERWERP 1: Perdevoeding		
Graad 10	Graad 11	Graad 12
